Downloaded from testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2022

# GRAAD 9

## NATUURWETENSKAPPE

EXEMPLAR

**LEERDER SE NAAM:** ______________________________________________

**GRAAD 9:** _________

**TYD:** 2 uur

**PUNTE:** 100

**19 bladsye + 1 datablad**

| VRAAG | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| LEERDER SE PUNT | | | | | | | | |
| PUNTE | 22 | 11 | 12 | 10 | 11 | 22 | 12 | 100 |

Downloaded from testpapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Skryf jou naam en graad op die voorblad van hierdie vraestel wat ook as ŉ ANTWOORDBOEK dien.

2. Beantwoord ALLE vrae in die spasies wat voorsien word.

3. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B gebaseer op die voorgeskrewe inhoud raamwerk soos vervat in die KABV-dokument.

4. Toekenning van punte:

   AFDELING A: 22
   AFDELING B: 78

5. Hierdie vraestel bestaan uit SEWE vrae.

6. Alle sketse moet in potlood gedoen word en byskrifte in blou of swart ink.

7. Skryf netjies en leesbaar.

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



**AFDELING A**

**VRAAG 1**

**MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1 Verskeie opsies word voorsien as moontlike antwoorde tot die volgende vrae. Kies die korrekte opsie deur slegs die korrekte letter (A – D) in die blokke wat voorsien word neer te skryf.

1.1.1 As 'n stof enige soort sel binnegaan of verlaat, moet dit deur die ... beweeg

A Golgi apparaat
B ribosome
C selwand
D selmembraan (1)

1.1.2 Organismes groei as gevolg van ...

A wateropname.
B toename in massa.
C aanhoudende seldeling.
D voedselopname. (1)

1.1.3 Watter van die volgende is 'n ongespesialiseerde sel?

A Spermsel
B Senuweesel
C Stamsel
D Rooibloedsel (1)

1.1.4 Watter van die volgende is NIE 'n funksie van die tong NIE?


A Skei ensieme af wat stysel in voedsel verteer
B Kou voedsel en meng dit met speeksel
C Vorm 'n voedselbolus
D Help met die slukproses (1)

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



1.1.5 Bestudeer die onderstaande diagram en kies die korrekte naam vir die deel genommer **Y**.




A Bloed
B Aar
C Alveoli
D Uriene (1)

1.1.6 Bestudeer die volgende stellings.

Uitgeasemde lug verskil van ingeasemde lug in die volgende aspekte:

1 Bevat meer koolstofdioksied
2 Bevat minder suurstof
3 Bevat meer waterdamp

Kies die regte kombinasie.

A Slegs 1 en 2
B Slegs 2 en 3
C Slegs 1 en 3
D 1, 2 en 3. (1)

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



1.1.7 Wat is die funksie van die plasenta?

A Verskaf voeding vir die fetus en verwyder afvalprodukte
B Dra genetiese materiaal oor tussen die moeder en die fetus
C Help om die geslag van die ongebore baba te identifiseer
D Die ongebore baba hou daaraan vas, om voortydige geboorte te verhoed (1)

1.1.8 Hoekom is die elemente Mg en Ca in dieselfde groep?

A Hulle het soortgelyke chemiese eienskappe.
B Albei het dieselfde atoomgetalle.
C Albei is nie-metale.
D Albei is gasse. (1)

1.1.9 Die verhouding waarin atome in swaeltrioksied verbind om ŉ molekuul te vorm word voorgestel deur:

A 2 : 1 : 3
B 3 : 1
C 1 : 3
D 3 : 3 (1)

1.1.10 Hoekom is ŉ universele aanwyser die mees aanbevole aanwyser?

A Dit verander glad nie kleur nie.
B Dit funksioneer slegs in ŉ suur.
C Dit is tuisgemaak.
D Dit funksioneer oor ŉ wye reeks pH-waardes. (1)

**[10]**

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



**TERMINOLOGIE**

1.2 Gee die korrekte wetenskaplike term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term neer in die spasies wat voorsien is.

1.2.1 Die buitenste, lewende membraan wat die sitoplasma van selle omring

________________________________ (1)

1.2.2 Die proses waardeur voedsel in kleiner deeltjies deur ensieme en sure in die mond, maag en dermkanaal afgebreek word

________________________________ (1)

1.2.3 Die bloedvat wat deoksigeneerde bloed weg vanaf die hart vervoer

________________________________ (1)

1.2.4 Die koord wat bloed vervoer tussen die fetus en die plasenta in die mens

________________________________ (1)

1.2.5 ŉ Tipe chemiese reaksie waar ŉ stof en suurstof tydens verbranding reageer om ŉ nuwe produk te vorm

________________________________ (1)

1.2.6 ŉ Nie-metaal wat nie met suurstof sal reageer nie

________________________________ (1)
**(6)**

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



**BYPASSENDE ITEMS**

1.3 Kies die item in KOLOM B wat by die beskrywings in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – H) langs die vraagnommers (1.3.1 – 1.3.6) in die spasies wat voorsien word, neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Duur 28 dae lank | A Aborsie | 1.3.1 |
| 1.3.2 | ŉ Metode om swangerskap te verhoed | B Suurstof | 1.3.2 |
| 1.3.3 | Ontsteking in die voering van die brongiale buise wat lug na en van die longe dra | C Menstruele siklus | 1.3.3 |
| 1.3.4 | Die gas wat vrygestel word wanneer ŉ suur met ŉ metaal reageer | D NaOH+HCl | 1.3.4 |
| 1.3.5 | Slaan met ŉ plofklank aan die brand | E Weerhou | 1.3.5 |
| 1.3.6 | Neutralisasie proses | F Asma | 1.3.6 |
| | | G Brongitis | |
| | | H $H_2$ | |

(1 x 6) **[6]**

**TOTAAL AFDELING A: 22**

EXEMPLAR


Downloaded from testpapers.co.za



**AFDELING B**

**VRAAG 2**

Die onderstaande diagram wys die koppeling tussen twee belangrike organelle en hul funksies. Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




2.1 Noem die organelle waarin die volgende plaasvind:

2.1.1 Proses 1 ____________________ (1)

2.1.2 Proses 2 ____________________ (1)

2.2 Identifiseer die prosesse verteenwoordig deur:

2.2.1 Proses 1 ____________________ (1)

2.2.2 Proses 2 ____________________ (1)

2.2.3 Die glukose wat in Proses 1 geproduseer is, word in Proses 2 gebruik. Watter gas word deur **Y** voorgestel?

____________________ (1)

2.2.4 Energie word in Proses 2 vrygestel. Watter gas word deur **X** voorgestel?

____________________ (1)

2.2.5 Hoekom is die gas wat in VRAAG 2.2.4 genoem word, belangrik vir mense?

____________________ (1)

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



2.3 Voltooi die onderstaande tabel en dui met ŉ KRUIS (X) aan of die organel of komponent in SLEGS ŉ PLANTSEL of SLEGS ŉ DIERSEL of in BEIDE PLANT- en DIERSELLE teenwoordig is.

| Organel of komponent | Teenwoordig in | | |
|---|---|---|---|
| | SLEGS ŉ PLANTSEL | SLEGS ŉ DIERSEL | BEIDE, PLANT- EN DIERSELLE |
| Selwand | | | |
| Selmembraan | | | |
| Sitoplasma | | | |
| ŉ Paar klein vakuole of is heeltemal afwesig | | | |

(4)
**[11]**

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 3**

ŉ Groep Graad 9 leerders het ŉ ondersoek gedoen om te bepaal wat die effek van verskillende oefeninge op die hartklop sal wees. Hulle het die hartklop van 5 leerders gemeet na elk van die volgende aktiwiteite:

- Rus
- Vinnige stap vir 5 minute
- Draf vir 2 minute
- Spring met ŉ springtou vir 2 minute

Hulle het hulle resultate in die onderstaande tabel aangeteken.

| **Hartklop (slae per minuut) na elke aktiwiteit** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **Rus** | **Vinnig stap** | **Draf** | **Spring** |
| **Leerder 1** | 66 | 72 | 80 | 98 |
| **Leerder 2** | 72 | 72 | 86 | 100 |
| **Leerder 3** | 72 | 74 | 82 | 108 |
| **Leerder 4** | 68 | 74 | 84 | 96 |
| **Leerder 5** | 78 | 86 | 100 | 120 |
| **GEMIDDELDE** | 71,2 | 75,6 | 86,4 | **X** |

3.1 Identifiseer die afhanklike veranderlike.

________________________________________ (1)

3.2 Bereken die waarde van **X** in die tabel (gemiddelde hartklop vir springtou spring).

________________________________________

________________________________________ (2)

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



3.3 Teken 'n staafgrafiek in die gegewe spasie, om die gemiddelde hartklop vir die verskillende aktiwiteite te toon.

(6)

| Kriteria | Punte |
|---|---|
| Opskrif/Titel | 1 |
| Asse benoem | 2 |
| Plot van data | 3 |

EXEMPLAR

3.4 Gebruik die grafiek om die tipe oefening te identifiseer wat die mees effektief is om hartklop te verhoog.

______________________________________________________________ (1)

3.5 Stel EEN rede voor hoekom 'n persoon se hartklop tydens oefening verander.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)


**[12]**

Downloaded from testpapers.co.za




**VRAAG 4**

Bestudeer die onderstaande diagramme en beantwoord die vrae wat volg.




**STRUKTUUR A**




**STRUKTUUR B**

4.1.1 Identifiseer die opskrifte vir struktuur **A** en struktuur **B**.

Struktuur **A**

____________________________________ (1)

Struktuur **B**

____________________________________ (1)

4.1.2 Benoem die volgende dele in struktuur **B**:

(a) Deel 1 __________________________ (1)

(b) Deel 6 __________________________ (1)

4.1.3 Gee die nommer en die naam van die deel in struktuur **B** wat:

(a) Beide semen en urine vervoer ________________ (2)

(b) Testosteroon produseer ____________________ (2)

4.1.4 Benoem die deel gemerk **3** in struktuur **A**.

Deel 3: ________________________________ (1)

4.1.5 Noem die deel in struktuur **A** waar bevrugting plaasvind.

____________________________________ (1)

**[10]**




EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 5**

5.1 Die onderstaande vloeidiagram stel die prosesse in die spysverteringstelsel voor. Bestudeer die vloeidiagram en voltooi dit deur die ontbrekende prosesse langs elke letter te skryf wat aandui waar hulle plaasvind.




(3)

5.2 Beskryf wat gebeur in elk van die prosesse vanaf **B** tot **D**.

B: ____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

C: ____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

D: ____________________________________________________________

____________________________________________________________


____________________________________________________________ (2)

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



5.3 Die prentjie hieronder toon 'n persoon aan met 'n eetversteuring wat geassosieer word met die spysverteringstelsel.



5.3.1 Noem die eetversteuring wat in die bostaande prentjie uitgebeeld word.

________________________________________ (1)

5.3.2 Hoekom moet 'n mens eers 'n dokter of gesondheidsorgwerker raadpleeg voordat jy 'n gewigsverlies dieet volg?

________________________________________

________________________________________ (1)

**[11]**

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 6**

| |
|---|
| 17 |
| **Cl** |
| 35,45 |

6.1 Wat is atoommassa van die bogenoemde element?

______________________________ (1)

6.2 Gee die element se atoomgetal.

______________________________ (1)

6.3 Is die element 'n metaal, 'n nie-metaal of 'n semi-metaal?

______________________________ (1)

6.4 Skryf die groepnommer van die element in die periodieke tabel neer.

______________________________ (1)

6.5 6.5.1 Skryf die naam en die chemiese formule van die produk wat gevorm word as die element wat in VRAAG 6 gebruik word met magnesium reageer.

______________________________ (2)

6.5.2 Skryf die formule neer van die diatomiese molekuul wat deur die bogenoemde element gevorm word.

______________________________ (1)

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



6.6 Beantwoord die volgende vrae.

6.6.1 Onderskei tussen 'n *suiwer stof* en 'n *mengsel*.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (2)

6.6.2 Balanseer die volgende chemiese vergelykings.

(a) $Na + O_2 \rightarrow Na_2O$

______________________________________________ (2)

(b) $H_2 + O_2 \rightarrow H_2O$

______________________________________________ (2)

6.7 Roes is 'n proses wat natuurlik voorkom en die effek van roes kan mooi wees, maar ook baie skadelik en gevaarlik.



6.7.1 Wat is roes en hoekom is dit vir ons ongewens?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (3)

6.7.2 Lys TWEE maniere om die roes van yster te verhoed.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (2)



EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



6.7.3 Bestudeer die sleutel hieronder en teken ŉ prentjie van ŉ gebalanseerde vergelyking vir die reaksie tussen yster en suurstof in die spasie wat voorsien word.

$Fe + O_2 \rightarrow Fe_2O_3$

Sleutel: yster  suurstof 

(4)
**[22]**

EXEMPLAR


Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 7**

Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die volgende vrae:.

| |
|---|
| Verskillende soorte grond het verskillende pH vlakke. Sommige grondsoorte is suur terwyl ander alkalies is. Die pH van grond hang af van die rotsgesteente waaruit die grond gevorm het, en die plantreste in die grond. Grond afkomstig van kalksteen is alkalies met 'n pH van ongeveer 8. Kleigrond met ontbindende plantreste mag meer suuragtig wees met 'n pH van ongeveer 4 of 5. Sommige plante groei beter in suurgrond en ander weer beter in neutrale grond of alkaliese grond. Die meeste plante groei goed in grond met 'n pH van 6,5. As die pH van die grond nie reg is nie, sal die plante nie optimaal groei nie. Om hierdie rede, verander boere die pH van die grond sodat hul gewasse goed kan groei. Suurgrond kan geneutraliseer word deur verpoeierde kalksteen of kalk in die grond by te voeg. Kalk is 'n metaalhidroksied en die chemiese naam is kalsiumhidroksied. |




7.1.1 In watter pH-reeks sal aartappels goed groei?

___________________________________________ (1)

7.1.2 As die grond 'n pH van 7,6, gehad het, watter gewas kan in daardie grond verbou word?

___________________________________________ (1)

7.1.3 As daar gevind word dat die grond 'n pH van 6,5 het, watter TWEE soorte plante kan 'n boer in daardie grond kweek?

___________________________________________

___________________________________________ (2)

Downloaded from testpapers.co.za

7.1.4 Wat kan 'n boer doen as sy grond 'n pH van 4 het?

________________________________________

________________________________________ (2)

7.1.5 Skryf die algemene woordvergelyking neer om die reaksie aan te toon wat plaasvind wanneer grond geneutraliseer word.

________________________________________ (2)

7.1.6 Skryf die chemiese formule neer vir die hidroksied wat in die gevallestudie genoem word.

________________________________________ (1)

7.1.7 Identifiseer die kleur van die universele indikator in grondmonsters van:

(a) Kalksteen

__________________________________ (1)

(b) Kleigrond

__________________________________ (1)

(c) Neutrale grond

__________________________________

__________________________________ (1)

**[12]**

**TOTAAL AFDELING B: 78**

**TOTAAL: 100**

EXEMPLAR

**EINDE**

## TABLE 3: THE PERIODIC TABLE OF ELEMENTS/*TABEL 3: DIE PERIODIEKE TABEL VAN ELEMENTE*

**KEY/*SLEUTEL***

Atomic number / *Atoomgetal*: 29
Symbol / *Simbool*: Cu
Electronegativity / *Elektronegatiwiteit*: 1,9
Approximate relative atomic mass / *Benaderde relatiewe atoommassa*: 63,5

(Cells below: atomic number, symbol, approximate relative atomic mass; electronegativity in brackets.)

| 1 (I) | 2 (II) | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 (III) | 14 (IV) | 15 (V) | 16 (VI) | 17 (VII) | 18 (VIII) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 H 1 (2,1) | | | | | | | | | | | | | | | | | 2 He 4 |
| 3 Li 7 (1,0) | 4 Be 9 (1,5) | | | | | | | | | | | 5 B 11 (2,0) | 6 C 12 (2,5) | 7 N 14 (3,0) | 8 O 16 (3,5) | 9 F 19 (4,0) | 10 Ne 20 |
| 11 Na 23 (0,9) | 12 Mg 24 (1,2) | | | | | | | | | | | 13 Aℓ 27 (1,5) | 14 Si 28 (1,8) | 15 P 31 (2,1) | 16 S 32 (2,5) | 17 Cℓ 35,5 (3,0) | 18 Ar 40 |
| 19 K 39 (0,8) | 20 Ca 40 (1,0) | 21 Sc 45 (1,3) | 22 Ti 48 (1,5) | 23 V 51 (1,6) | 24 Cr 52 (1,6) | 25 Mn 55 (1,5) | 26 Fe 56 (1,8) | 27 Co 59 (1,8) | 28 Ni 59 (1,8) | 29 Cu 63,5 (1,9) | 30 Zn 65 (1,6) | 31 Ga 70 (1,6) | 32 Ge 73 (1,8) | 33 As 75 (2,0) | 34 Se 79 (2,4) | 35 Br 80 (2,8) | 36 Kr 84 |
| 37 Rb 86 (0,8) | 38 Sr 88 (1,0) | 39 Y 89 (1,2) | 40 Zr 91 (1,4) | 41 Nb 92 | 42 Mo 96 (1,8) | 43 Tc (1,9) | 44 Ru 101 (2,2) | 45 Rh 103 (2,2) | 46 Pd 106 (2,2) | 47 Ag 108 (1,9) | 48 Cd 112 (1,7) | 49 In 115 (1,7) | 50 Sn 119 (1,8) | 51 Sb 122 (1,9) | 52 Te 128 (2,1) | 53 I 127 (2,5) | 54 Xe 131 |
| 55 Cs 133 (0,7) | 56 Ba 137 (0,9) | 57 La 139 | 72 Hf 179 (1,6) | 73 Ta 181 | 74 W 184 | 75 Re 186 | 76 Os 190 | 77 Ir 192 | 78 Pt 195 | 79 Au 197 | 80 Hg 201 | 81 Tℓ 204 (1,8) | 82 Pb 207 (1,8) | 83 Bi 209 (1,9) | 84 Po (2,0) | 85 At (2,5) | 86 Rn |
| 87 Fr (0,7) | 88 Ra 226 (0,9) | 89 Ac | | | | | | | | | | | | | | | |

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 58 Ce 140 | 59 Pr 141 | 60 Nd 144 | 61 Pm | 62 Sm 150 | 63 Eu 152 | 64 Gd 157 | 65 Tb 159 | 66 Dy 163 | 67 Ho 165 | 68 Er 167 | 69 Tm 169 | 70 Yb 173 | 71 Lu 175 |
| 90 Th 232 | 91 Pa | 92 U 238 | 93 Np | 94 Pu | 95 Am | 96 Cm | 97 Bk | 98 Cf | 99 Es | 100 Fm | 101 Md | 102 No | 103 Lr |